**<u>Skriflesing</u>: Klaagliedere 3**
**<u>Tema</u>: Ons het hoop!**

Klaagliedere 1 tot 4 is alfabetiese liedere. Klaagliedere 1,2 en 4 bestaan elk uit 22 verse wat telkens met volgende letter van die Hebreeuse alfabet begin. Klaagliedere 3 bestaan uit 66 verse en elke strofe begin ook met volgende letter van die Hebreeuse alfabet.
Hierdie alfabetiese liedere kom ooreen met begrafnisliedere wat die antieke mense gekomponeer het. Sulke liedere is by dood, ernstige siekte of rampe gebruik.
Klaagliedere 3 is ‘n klaaglied van ‘n kind van die Here wat ontsaglike pyn en lyding ervaar as gevolg van die ballingskap van sy volk. Die prent in die Bybel aan die begin van Klaagliedere en die opskrif by byna elke hoofstuk vertel van die seer van die persoon.

Op ‘n warm somersdag in Augustus 587 het Israel se hele verstaan van God  in duie gestort. Hulle is geleer en het geglo dat God in sy tempel is. Hy bly in die gebou. Hy is hulle God en hulle is God se volk. Hy is by hulle. Hy is aan hulle kant en sal hulle nooit in die steek laat nie.
Toe gebeur die ondenkbare en totaal onverstaanbare. Nebukadneser se leer, die Babiloniers, oorwin die onoorwinlike stad Jerusalem. Die tempel word afgebreek en lê vir amper 50 jaar in puin. Die koning word in boeie weggevoer.

Die volk kry swaar. Alles wat vir hulle belangrik was en waarop hulle trots was, het hulle verloor. Daar is, volgens hulle verstaan, geen bewys meer oor dat God leef en by hulle is nie.

Dit is waar Klaagliedere 3 begin. Ons lees van die kind van die Here se swaar en seer in die eerste 20 verse. Ek lees net vers 14-20:
“14Ek word uitgelag deur my hele volk, hulle sing heeldag spotliedjies oor my.
15Hy het my bitter dinge laat sluk, die lewe vir my galbitter gemaak.
16Hy het my gruisklip laat kou, my in die grond getrap.
17Hy het alle rus van my af weggeneem; ek het al vergeet van voorspoed.
18Ek het gedink dit is klaar met my en met my hoop op die Here.
19Die gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is gal en gif vir my;
20as ek daaroor nadink, draai my gedagtes vas.”

Ken jy dit? Die worstel met God, die moedelose smeek en roep na God en die skuldig voel daaroor? Sulke twyfel is nie ‘n teken van sonde of swakheid nie. P Tillich het gesê: “Twyfel is nie die teendeel van geloof nie. Dis deel van geloof.” Moenie twyfel probeer systap nie. Iewers anders lees ek: “Hoe kan iemand wie se hart vol kommer en leed is iets nuuts inneem as hy nie eers sy hart voor God leeg gekla het nie.” Kla by of worstel met God is deel van geloof.
Geloof is om soms nie her- of derwaarts te weet nie. Dit is om teen die onbekende God vas te loop en oorhoops te wees met Hom. Want God is meer as wat ons belydenisskrifte oor Hom sê en groter as wat mense oor Hom preek.

Die fout wat die skrywer van Klaagliedere maak, is om vir God die skuld te gee vir die slegte goed wat gebeur. Die persoon wys vinger na God en besef nie dat 3 ander vingers na hom terugwys nie.
Die fout lê nie by God nie, maar by sy volk. Dit is oor hulle sonde dat God sy volk straf.
Ons lees in Klaagliedere 1:5: "Die Here het die volk laat ly oor hulle baie sonde."

Genadig leef ons vandag na die kruis. God het sy Seun aan die kruis in ons plek laat ly en sterf vir ons baie sonde. Ons lees daarvan in Jes 53:5-6: "Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom."
Wanneer ons ons sonde opreg bely, vergewe Hy dit. Daarom kan ons nie meer spesifieke sonde wat ons doen en sonde sommer net aan mekaar verbind nie.

Ons het baiekeer nie antwoorde op ons worstelvrae nie, maar wat vir my duidelik is uit Klaagliedere is dat worsteling met God, lei tot 'n nuwe ontmoeting met God. Die skrywer kry weer hoop toe hy besef dat hulle nie die Here verloor het toe hulle die tempel, land en koning verloor het nie.
Hy skryf in Klaagliedere 3:21-26:
"21 Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop:
22 deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie,
23 dit is elke môre nuut. U trou is groot.
24 Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.
25 Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra;
26 dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here;"

Hoe wonderlike is dit nie dat, maak nie saak wie ek is en wat my worsteling is nie, die Here my elke oggend bederf met 'n nuwe geskenkpak vol ontferming.
Baiekeer is ons te haastig vir antwoorde of oplossings. Ons leef in 'n wêreld waarin dinge baie vinnig moet gebeur. Soms moet ons geduldig wag op die hulp van die Here.

In 'n nuwe ontmoeting met God, ontdek ons ook dat God nie 'n boelie is nie. Hy laat niemand verniet seerkry nie. Hy wil ons  nadertrek na Hom.
Ons lees in Klaagliedere 3:31-33:
"31 Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie;
32 as Hy beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot:
33 dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring."

Al voel dit soms so, is God ook nie ver nie. In Klaagliere 3:34-36 lees ons:
"34 Dat al die gevangenes in die land mishandel word,
35 dat iemand se reg vertrap word voor die Allerhoogste,
36 dat 'n mens in 'n regsaak veronreg word – die Here sien dit raak!"

En Hy los vir ons nooit. Hoor sy oproep tot ons in Klaagliedere 3:39-42a en keer terug na die Hom:
“[39]Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet liewer sy sonde oorwin.
[40]Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here bekeer,
[41]laat ons met ons hele hart ons hande na God in die hemel uitsteek en bely:
[42]“Ons het sonde gedoen en was opstandig;”

In Klaagliedere 3:57-58 lees ons:
“[57]U het na my toe gekom toe ek geroep het, U het gesê: “Moenie bang wees nie!”
[58]U verdedig my saak, Here, U red my lewe.”

Ons vind hier die enigste direkte woorde van die Here in die hele boek as Hy na ons toe kom en ons oproep om nie bang te wees nie. Soos prokureur in ‘n hof, is Hy die een wat vir my saak veg en my lewe red.

Daar is baie dinge van die Here wat ons nie weet nie en nooit sal verstaan nie. Maar een ding staan vas en dit is dat die liefde van die Here vir ons kruisgroot is. In jou goeie tye, maar veral in jou swaarkry, gaan maak by Hom leeg sodat Hy jou kan volmaak. Beleef ‘n nuwe ontmoeting met Hom en weet saam met die skrywer van Klaagliedere 3:21-24, ook in jou swaarkry:
“[21]Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop:
[22]deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie,
[23]dit is elke môre nuut. U trou is groot.
[24]Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.
Amen